

Maandag 1 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 1:1-11

Fokusgedeelte: Handeling 1:8 (1983-vertaling)

Wees getuie van Christus deur die krag van die Heilige Gees

Jesus is gekruisig. Hy het opgestaan uit die dood, en in die 40 dae ná sy opstanding het Hy gereeld aan sy apostels verskyn en gepraat oor die koninkryk van God. Die apostels verwag egter nog steeds 'n koninkryk vir Israel. Hulle begin onrustig raak ... wat gaan volgende gebeur? Is dit nou die tyd vir Israel se herstel?

Nee, die tyd is in God se hand en so ook die bou van sy koninkryk, wat nie meer beperk is tot Israel nie, maar wat oor die ganse aarde gevestig moet word.

Dit bly God wat bou, en daarom kry die apostels die opdrag in vers 4 om te wag op die gawe wat die Vader belowe het voordat hulle enigiets moet doen. Hulle kan nie op eie krag staatmaak nie! Nee, hulle moet wag op die krag wat God sal gee. Hulle moet wag tot die Heilige Gees oor hulle kom.

Ja, dié wat Hy uitgekies het (vs 2), sal deur die Heilige Gees krag ontvang om as getuies op te tree, in Jerusalem sowel as in Judea en in Samaria, en tot in die uithoeke van die wêreld. Ja, hulle moet instaan vir die waarheid, hulle moet getuig van die verlossing in Christus. Die evangelie moet verkondig word vanaf die kleinste, intiemste kring in al hoe groterwordende sirkels, tot in die uithoeke van die wêreld.

Die Here is steeds besig om sy koninkryk te bou en Hy kies jou om getuie te wees. Getuig, staan in vir die waarheid van Jesus Christus se kruisdood en opstanding, Hy wat lewend opgevaar het na die hemel en wat aan die regterhand van die Vader as Koning oor sy koninkryk regeer.

Wees getuie in jou gesin, by jou vriende, werkplek, gemeenskap en tot in die uithoeke van die wêreld. Jy kan dit doen, met die krag van die Heilige Gees.

Sing: Psalm 96-1:1, 2

Ds. LP van Jaarsveld (Leon) (Brakpan)